Date : August, 13 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 2

'G'n beurs vir jou, want jy is wit en manlik'

Krygkor wil nie eens aan student aansoekvorm gee

Susan Cilliers

Potchefstroom. – Krygkor wou nie eens 'n aansoekvorm vir 'n beurs aan 'n ingenieurstudent in dié stad stuur nie omdat hy wit is.

Jean-Pierre Olivier (18) studeer elektriese en elektroniese ingenieurswese aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus.

Volgens sy ma, mev. Viola Olivier van Piet Retief in Mpumalanga, het sy Krygkor in Januarie gevra hoe om aansoek te doen om 'n beurs.

"Hulle het my 'n me. Brenda Pule se nommer gegee," het Olivier vertel. "Ek het haar gebel en sy het gevra ek moet 'n e-pos aan haar stuur sodat sy vir my 'n aansoekvorm kan stuur."

Jean-Pierre Olivier

Volgens Olivier het Pule haar kort daarna laat weet sy gaan nie 'n aansoekvorm stuur nie omdat Jean-Pierre wit is en Krygkor ingevolge sy indiensnemingsbeleid nie in die nabye toekoms wit mans sal aanstel nie.

"My ma was woedend," het Jean-Pierre gesê.

"Ek voel ook dis onregverdig."

Hy het tot dusver al sy vakke geslaag en twee onderskeidings in die eerste semester behaal, het Jean-Pierre vertel.

AfriForum Jeug het verlede week 'n skrywe aan Krygkor se waarnemende bestuurshoof, mnr. Sipho Mkwanazi, gerig dat die organisasie van voorneme is om regstappe teen Krygkor te doen "indien Krygkor nie sy diskriminerende praktyke binne sewe dae stop nie".

"Dat hy (Krygkor) bloot op grond van mnr. Olivier (Jean-Pierre) se velkleur nie eens bereid is om 'n aansoekvorm aan hom te stuur nie, dui op blatante diskriminasie," het mnr. Ernst Roets, voorsitter van AfriForum Jeug, gesê.

AfriForum Jeug sal die saak volgens Roets met sy regspan opneem as hy nie bevredigende reaksie op sy skrywe van Krygkor ontvang nie.

Krygkor het in reaksie hierop in 'n verklaring gesê Mkwanazi het die klag van AfriForum Jeug eers vandeesweek Dinsdag ontvang nadat dit aanvanklik na die verkeerde e-pos-adres gestuur is.

Luidens die verklaring is daar by Krygkor 'n ernstige tekort aan vroulike ingenieurs en veral swart vroue-ingenieurs.

"Dis daarom vir ons 'n noodsaaklike prioriteit om hierdie groep te bemagtig. Ons het beleid en inisiatiewe om dit te doen. Dit sluit onder meer 'n talentontwikkelingsprogram in, wat behels dat nuwe graduandi in die aangewese groepe 'n jaar of twee se werkervaring by Krygkor kan opdoen. 89 jongmense het hierdie program sedert 1999 deurloop."

Krygkor het ook 'n beursskema vir ingenieurs- en wetenskapstudente om die genoemde tekort op veral lang termyn die hoof te bied.

"Krygkor is 'n staatsonderneming en moet daarom toesien dat alle Suid-Afrikaanse wette toegepas word, soos die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging," lui die verklaring.

"Die Wet op Gelyke Indiensneming is daarop gemik om gelykheid in die werkplek te bewerkstellig – deur onder meer regstellende aksie – om te vergoed vir benadeling wat sekere groepe tevore ervaar het."

Krygkor het sedert 1990 82 studente met beurse gehelp, lui die verklaring. Onder hulle was 26 wit mans, drie wit vroue, 28 swart mans, nege swart vroue, drie bruin mans, een bruin vrou, 11 Indiërmans en een Indiërvrou. Krygkor het tans sewe beurshouers: ses swart vroue en een swart man.